



NAMIBIA ENDURANCE RIDE ASSOCIATION

BOX / BUS 30658

TEL: +264-61-243780

PIONIERSPARK

NAMIBIA

Mobile: +264-81-286 8169

E-MAIL: secretary@namibiaendurance.org

"TO FINISH IS TO WIN"

Presidentsverslag 2019

Geagte Lede

Eerstens wil ek u bedank dat u die vertroue in my gestel het om in die jaar 2019 as President van Nera te dien. Dit was voorwaar `n voorreg. Ek weet dat sonder die ondersteuning van die Nera Raad van 2019, die Vise President Mnr Patrick Liebenberg en die Skretaresse Mev Lee-Anne Liebenberg, dit voorwaar `n onbegonne taak sou wees. Ek wil dus my opregte dank teenoor elkeen van hulle uitspreek.

Vanaf November 2018 en nog voor dit, was die besprekingspunt tussen Namef en Nera op die tafel.

Dit was die enigste punt wat vir Nera en die Raad die hele jaar baie besig gehou het. Ons het uit die staanspoor teenkanting gekry oor besluite wat ons geneem het op Nasionale vlak en ook Internasionale vlak. Dit is dan ook die oorsaak van die negatiewe gevoel onder alle lede. Ek wil graag `n beroep op lede doen dat ons sover moontlik ons Assosiasie moet beskerm. Die Raad het hom ook juis hiervoor beywer gedurende die afgelope jaar.

Dit is `n feit dat die FEI net die Nasionale Federasie in die land aanvaar as die spreukbuis na die FEI. Die Raad was dit die hele jaar eens dat dit wel so kan gebeur en daarom is daar ook ingestem om deur Nera `n affiliasie fooi aan Namef te betaal.

Verskeie pogings was aangewend om die boodskap na die FEI deur te kry dat die kostes en die wisselkoers nie gunstig is vir die Namibiese dollar nie. Briewe is deur Namef na Groep xi en die FEI gestuur. Geen positiewe terugvoering kon bewerkstellig word nie.

Die koste aspek het deur die hele jaar ook sy invloed gehad as gevolg van die ekonomiese tye waarin ons leef en ook die droogte wat ons oor ons hele land beleef. Hierdie kon spesifiek gesien word in die deelname op ritte en veral ook inskrywings op FEI ritte.

FEI ritte het oor die spektrum verliese gemaak. Dit kan toegeskryf word aan minder inskrywings as gevolg van die ekonomie en ook die hoe kostes om `n FEI rit aan te bied. Beamptes en veeartse wat vereis word op hierdie ritte en ook die registrasie fooie en kalender fooie wat aan die FEI betaal moet word dra ook by tot die kostes. Donasies is glad nie meer maklik om te kry nie en word hoofsaaklik oorgelaat aan die klein groepie mense wat hul bereid verklaar het om die rit namens Nera aan te bied.

Op `n meer positiewe noot wil ek graag al ons spanne wat in SAIC en in Walvisbaai deelgeneem het baie geluk wens. Die positiewe gees wat geheers het in die spanne het veroorsaak dat ons nog tot op die laaste been baie kompetend was in al ons spanne op SAIC. Baie geluk ook aan die Junior span wat die enigste span was wat gewen het op SAIC. Drie van die 4 Spanne op Walvis het gewen teen vol sterkte RSA spanne. Baie geluk ook aan julle.

Die jaar wat voorlê gaan nog baie van ons vereis, kom ons staan bymekaar en veg vir wat vir ons belangrik is, names om as vriende saam, die sport te geniet en dit vir so veel as moontlik lede, dit moontlik maak om hul spesifieke doele na te streef.

Dankie

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Jan Meeser', with a stylized, cursive script.

Jan Meeser